[2]

**BESONDERHEDE VAN FAXOORSENDING**

DATUM: 18/12/91

AANTAL BLADSYE (insluitend hierdie een): 4

AAN: Die Mede-voorsitters,
KODESA
Faks (011) - 397-2211

AFKOMSTIG VAN: HNP
(Mnr. Jaap Marais)

INSAKE: Uitnodiging Kodesa

Skakel asseblief 012-3423410 as u nie alle bladsye ontvang het nie, of as daar onduidelike dele is.

Die Herstigte Nasionale Party van Suid-Afrika

Pretoriusstraat 1043
Hatfield, Pretoria. 0083
Posbus 1888
Pretoria. 0001
Telefoon: 342-3410
Faks: 342-3417

HNP

MEDIAVERKLARING UITGEREIK DEUR MNR JAAP MARAIS, LEIER VAN DIE HNP

## KONVENSIE VIR 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA

Die uitnodiging aan die HNP om deel te neem aan die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika word van die hand gewys.

Die HNP beskou dié byeenkoms as die resultaat van 'n reeks onregmatige aksies van die Regering wat gedoen is onder druk van buitelandse magte en indruis teen Suid-Afrika se eie belange.

**Afrikanerpolitiek buite aksie stel**

Die pogings om nou die Afrikaner-bemande groepe by die onderhandelings te betrek, is bedoel om die Afrikaner-opposisie buite aksie te stel deur hulle vas te maak in onderhandelings agter geslote deure en hulle politieke organisasies daarbuite feitlik opgeskort te kry.

Daarby wil die Regering die Afrikaner-bemande organisasies betrek, sodat die indruk geskep kan word dat hulle mede-verantwoordelik sal wees vir die resultaat van die onderhandelings.

**Geen Mandaat**

Die Regering het sonder enige mandaat reeds jare gelede met die ANC-SAKP in onderhandeling getree en toegegee aan hulle eise, soos die vrylating van ANC-leiers, ontbanning van die ANC en SAKP, herroeping van apartheidswette, inkorting van die rol van die veiligheidsmagte en aanvaarding van die beginsel van een mens, een stem in 'n onverdeelde Suid-Afrika.

**"Hoofspelers" se geheime gekonkel**

Die HNP en ander Afrikaner-bemande groepe is nie geken by dié reeks onderhandelings nie, en word nou voor die voldonge feit gestel dat dít die reeds ooreengekome grondslag is waaroor die selfaangestelde "hoofspelers" besluit het, en wat dien as die grondslag vir verdere bespreking. Hierdie geheime gekonkel maak 'n bespotting van die aanspraak dat op grond van demokratiese beginsels opgetree word.

**Terroriste-oorlog teen Afrikaners en Blankes**

Die ANC-SAKP se terroriste-oorlog teen "apartheid" is 'n oorlog teen die Afrikanervolk se politieke mag in Suid-Afrika. Hulle kon die wapenstryd nie wen nie, veral nie ná die ineenstorting van die Kommunistiese state en die verval van Afrikastate wat die ANC-terroriste gehuisves het nie.

**ANC-SAKP as oorwinnaars**

Deur die Regering se kapitulasie onder buitelandse druk, word die ANC-SAKP nou in staat gestel om aan die onderhandelingstafel die oorlog teen die Afrikanervolk voort te sit -- in naam van vrede.

Die absurde toestand is geskep wat die ANC-SAKP na die onderhandelingstafel laat gaan as die oorwinnaars, aan wie se vredesvoorwaardes reeds grotendeels toegegee is.

Afrikanerbemande partye word gevra om aan die gekamoefleerde verraad deel te neem, sodat die fiksie geskep kan word dat die Boere vrede gemaak het met die ANC-SAKP.

**Blankes moet gestroop word**

Die hele idee van onderhandeling met die ANC-SAKP is bespotlik, omdat die ANC-SAKP niks het waaroor die Afrikaners en hulle andertalige Blanke landgenote met die ANC-SAKP wil onderhandel nie. Daarenteen word van die Blankes verwag om alles wat hulle regmatig in Suid-Afrika verwerf het, op die onderhandelingstafel te plaas. Dit is dus net 'n eensydige aandrang van die ANC-SAKP-kant om die Blankes se politieke mag af te takel, hulle besittings te herverdeel en hulle sosiale en kulturele status af te skaal tot gelykheid met Swartes, in 'n proses wat moet eindig in Swart Kommunistiese regering, soos in Zimbabwe en Namibië.

**"Onomkeerbaar"**

Dit is per slot van sake die logiese betekenis van die Regering se strewe na "'n onomkeerbare" politieke toestand -- 'n onomkeerbare onderwerping van die Blankes aan 'n Swart Kommunistiese regering, soos die VSA en Brittanje op die Blankes van Rhodesië en Suidwes-Afrika afgedwing het.

**Verraad van beginsels en ideale**

Die HNP weier om enigsins betrokke te wees by hierdie politieke maneuver teen die Afrikanervolk. Dit verteenwoordig verraad van alle beginsels van Afrikanernasionalisme, van alle ideale van volksvryheid en van alles wat die Afrikanervolk deur stryd en lyding oor baie geslagte verwerf het.

**Stryd buite voortgesit**

**Daar moet aangeneem word dat wat ook al binne die Konvensie aangaan, die stryd om die reg van die Afrikaners en hulle mede-Blankes onverpoosd buite die onderhandelingsaal voortgesit sal word.**

Daar moet eweneens aanvaar word dat die kapitulasie-politiek van die Regering geen regmatigheid het nie en die resultaat daarvan stap vir stap bestry sal word totdat dit weer omgekeer is, soos tevore in ons geskiedenis meermale die skynbaar onomkeerbare omgekeer is deur die trou en toewyding van groot Afrikanerleiers soos Kruger, Steyn, Hertzog, Malan, Strijdom en Verwoerd.

**Mislukking reeds sigbaar**

Die mislukking van die kapitulasie- en onderhandelings-politiek is reeds sigbaar in "die Nuwe Suid-Afrika" deur die ekonomiese ellende van bankrotskappe en werkloosheid, die golf van moord, roof, aanranding en verkragting in die samelewing, en die verklaarde Kommunistiese doel om die land onregeerbaar te maak deur stakings en massa-betogings.

Vir die leed en ellende wat reeds deur die Regering se dwaasheid veroorsaak is, en vir die lyding en ontbering wat nog sal volg, sal rekenskap geëis word.

---

Vir onmiddellike vrystelling.

LJ VAN DER SCHYFF
Hoofsekretaris

18 Desember 1991